Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Die kapitalistiese staat kan nie bestaansveiligheid waarborg nie — dis te duur.*

# Die O.B.

*In die Nasionaal-Sosiale Gesagstaat is die bestaan van elke volkslid beveilig — sy eie arbeid waarborg dit.*

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 9 FEBRUARIE 1944. No. 12.

## Pole — 'n Lastige Toets

**In 1939 het die Britse Ryk, met veldmaarskalk Smuts en sy Suid-Afrika se lojale ondersteuning, oorlog verklaar teen Duitsland, omdat Adolf Hitler dan kwansuis die grense geskend en die onafhanklikheid van Pole geminag het.**

**Vandag het Josef Stalin nie alleen die grense van Pole geskend en sy onafhanklikheid vernietig nie, maar die Russiese kolos staan soos 'n donker bedreiging oor heel Europa.**

**Die Britse Ryk, met veldmaarskalk Smuts natuurlik inkluis, is vandag die bondgenote van Josef Stalin, en Adolf Hitler veg alleen om die grense en die onafhanklikheid van al Europa se volke te beskerm teen die verskriklike, goddelose aanslag uit die Ooste.**

**Duitsland — die Woestaard**

Op 3 September 1939 het die moondhede wat tans bekend staan as die Geallieerdes, in oorlog getree met Duitsland; omdat Hitler sy „Nazi-hordes" oor die Poolse grens gestuur het om die onafhanklikheid en autonomie van daardie vreedsame volk te skend. Met hierdie daad van hom sou Duitsland dan finaal bewys gelewer het van sy onbevoegdheid om in die kring van beskaafde volke te beweeg en het die tyd ook eindelik onverbiddelik aangebreek om hierdie „rampokker-volk" op sy plek te sit.

**'n Heilige Oorlog**

Van Britse kant is ook dadelik beweer dat die oorlog 'n sedelike karakter sou dra. Duitsland en sy Spilbondgenote het hulle beslis openbaar as „rower-volke". Dit sou dan nou die onaangename dog onontkombare taak van die demokratiese lande wees om as kampvegters van die „verligte" Westerse en Christelike Beskawing op te tree teneinde te verhoed dat hierdie beskawing verswelg sou word in 'n Tweede Middeleeuse Donkerheid, wat oor die volke van die wêreld sou toesak onder Spil-despotisme.

En dapper klein Suid-Afrika het ook lojaal sy gewiggie ingewerp in hierdie grootse stryd.

**Engeland, die vriend van Pole**

En Engeland, daardie gryse ou vryheidsmoeder, het dadelik plek op haar gasvrye skoot ingeruim vir die wreed verjaagde Poolse regering, sodat hulle daarvandaan die Poolse vryheidstryd kon voortsit. Engeland, en die Britse Ryk, waaroor die son altyd skyn, sal die stryd dapper voortsit, totdat . . . ja, totdat alle Pole weer vry kan wees binnekant die erkende grense van Pole . . . daardie grense wat Engeland en haar bondgenoot Frankryk gewaarborg het. Het enige vlug-regering ooit vriende gehad soos hierdie vlug-regering van Pole in 1939 gehad het?

**Die Goeie Stryd**

Moreel, tot die tande toe gewapen, met sulke edelmoedige voornemens en verontskuldigings het die Geallieerdes die goeie stryd begin stry . . . Helaas, alles het nie altyd voor die wind gegaan nie.

En in Suid-Afrika het veldm. Smuts —daardie ou perd op sy laaste skof— ook op die onvergeetlike 4de Sept. soos 'n pronkerige strydros die oorlogsterrein binnegedraf. Helaas, op 25 Nov. 1943 was dit 'n skynbaar ontnugterde man wat in Londen voor die Britse Parlementêre Vereniging sy tans so bekende en onheilspellende waarskuwing geuiter het.

**Rusland — die Kolos**

Rusland, daardie nooit te veel te pryse bondgenoot van die Britse Ryk in sy uur van nood, het op die oosgrens van Europa verrys, om . . . die kastaings vir die Britte uit die vuur te haal? Josef Stalin, die Kommunis, met wie Winston Churchill, die kapitalis, soveel glasies in die Kremlin geklink het, het soos 'n kolos aan die poorte van Europa kom staan. Ja, een ou groot voet het hy reeds al oor die Poolse grens gesit, en die tone daarvan diep ingewoel in die Poolse bodem. En hierdie kolos is in 'n lelike bui. Al praat sy bondgenote . . . of sy handlangers . . . ook al hoe mooi oor die Poolse onafhnklikheid en die onskendbaarheid van die Poolse bodem, hierdie kolos steur hom daar nie aan nie. Trouens, hoe meer hulle praat hoe kwaaier knor hy. Hy het bloed geruik. **Onheilspellend, soos 'n nagrower, reik hy met rampokker-kloue na Europa en dreig hy om die laaste lewe uit die Westerse en Christelike Beskawing van Europa uit te wurg.**

**Rolle omgeruil?**

En in sy pad staan Adolf Hitler en die Derde Duitse Ryk.

En aan sy sy staan Winston Churchill en die Britse Ryk, waaroor die son nooit sak nie, met veldm. Smuts en Suid-Afrika inkluis.

Wat het nou geword van die sedelike karakter wat die Britse oorlogspoging sou dra? Wie is nou die rowervolk en wie is nou sy bondgenote? Wie moet vandag verhoed dat die donker middeleeuse skaduwee van die kommunistiese kolos oor verligte Europa val? En wat dan nou van die grense van Pole wat Engeland gewaarborg het? Wat dan nou van Poolse onafhanklikheid en Poolse autonomie? Is dit dan nie dieselfde Engeland van 1939 wat vandag die bondgenoot van Rusland is nie? En is dit dan nie Rusland wat die Poolse onafhanklikheid ontken en die Poolse grense skend nie? Dis tog net nie anders nie.

**Die Moskouse Pole**

In Rusland, en wel te Moskou in die skaduwee van die Kremlin, het die Bond van Poolse Patriotte tot stand gekom. Dis 'n Poolse organisasie wat beweer dat hy die Poolse volk verteenwoordig. Hierdie Bond eis erkenning as die wettige regering van Pole. Sy beleid is een van vriendskap met Sowjet-Rusland. Die Bond voel ook dat Oos-Pole aan Rusland afgestaan moet word omdat Rusland dit behoort te kry. Owerigens streef die Bond na die inpalming van Duitse gebiede ten einde die Poolse grens na die Weste te verskuiwe as kompensasie vir die gebiedsverlies aan Rusland in die Ooste. Die Bond is ten gunste daarvan dat die bevolking van Oos-Pole op groot skaal verskuif moet word na die Weste, ten einde 'n oorwegend Poolse bevolking te kry in die gebiede wat Pole dan van die Duitsers moet bykry.

**Die Londense Pole**

In die tussentyd sit daar ook 'n Poolse regering in Engeland. Maar hierdie Londense Pole word gladnie deur die Moskouse Pole erken nie. Inteendeel, die Moskouse Pole verfoei hulle en bestempel hulle as Poolse verraaiers. Dis nou soos die vriende van Stalin praat oor die vriende van Churchill. En Churchill en Stalin is bondgenote. **Dit tref nou dat Engeland en die Poolse regering in Londen die herstel nastreef van die Pole wat Duitsland geskend het. Rusland en**

(Vervolg op bls. 4, kol. 2)

## VRYHEIDSDAG OP AMAJUBA

Die Organisasie-Leier het opdrag gegee aan genl. Puren, die Sekretaris van die Noodhulpfonds, om hierdie jaar verantwoordelik te wees vir die reëlings vir 'n sentrale vryheidsfees op 26 Februarie op die kruin van Amajuba. Die omliggende generaalskappe, uit die vier aangrensende gebiede, sal op Amajuba saamgetrek word, omdat „Amajuba die besielende uitgangspunt bly vir die feesvierings deur die res van die land." Op hierdie tydstip staan Vryheidsdag beslis in die teken van ons volk se louteringslyding in die kampe en in die tronke van die Empire. Daarom ook dat die Noodhulpfonds van die Ossewabrandwag hierdie jaar weer sy deel aan beklemtoning moet ontvang.

Genl. Puren skryf dat hy die program so vroegtydig moontlik vir publikasie aan Die O.B. en ander bevriende blaaie sal stuur. Vir alle verdere besonderhede moet aansoek gedoen word by Gebied E, Voortrekkergebou 403, Johannesburg.

Sy beroep op alle brandwagte is: Laat niks ons keer nie. Kom in u honderde, kom in u duisende saam rondom die Vryheidsvlam op die bergkruin Amajuba. Die vlam sal brand en niemand sal hom meer doof nie, want strydbewus en doelbewus is die Boerevolk in beweging, direk op sy Godbeskore eindbestemming af: 'n eie, vrye, Christelike Gesagstaat — nasionaal en sosiaal van aard.

## DIE K.G.

**Die Oragnisasie-Hoofkwartier deel Die O.B. mee dat ons Kommandant-Generaal, dr. Hans van Rensburg, binnekort na Kaapstad sal afreis, en dat hy gedurende die laaste helfte van Februarie 'n paar vergaderings in die Westelike Provinsie sal toespreek. Offisiere en brandwagte word versoek om Die O.B. dop te hou vir die bekendmaking van die plek en die datum van hierdie vergaderings.**

## K.G. se Oproep

Van ons K.G. kom die volgende oproep:

**Die ereskuld van ons volk is teenoor die Afrikanermoeders en -kindertjies wat, as afhanklikes van geïnterneerdes, die slagoffers van die imperialisme geword het. Die Ossewabrandwag het hierdie ereskuld in sy Noodhulpfonds waaragtiglik nagekom. Wáar ander en meer bemiddelde organisasies sulke moeders en kindertjies na die Armsorgraad verwys het, het ons Noodhulpfonds hul nie net met raad, maar ook met daad bygestaan. Die verpligting bly nog en die fonds het sterking dringend nodig.**

**Laat ons die offers van Amajuba in 1881 vanjaar op Amajubadag 1944 waardig wees. Ons eerste sorg is die Afrikanergesin wat terwille van die Afrikanerdom sonder broodwinner sit.**

**EEN VIR ALMAL — ALMAL VIR ELKEEN**

## DIE NOOD IS HOOG


Die Finansiehoof verduidelik as volg:

As gevolg van die feit dat talle geïnterneerdes gedurende die afgelope paar maande vrygelaat en dientengevolge regeringsteun aan hulle afhanklike families gestaak is en verder omdat in die meeste gevalle daar nog nie in geslaag is om vir sulke vrygelate persone werk te verkry nie, het die beroep op die Noodhulpfonds gedurende die afgelope maande soos algemeen verwag nie gedaal nie, maar wel gestyg.

Die Noodhulpfonds-komitee kan slegs aan die verhoogde eise voldoen as elke brandwag verstaan dat alhoewel baie geïnterneerdes vrygelaat is, hulle nie in die posisie is om vir hulle families finansiëel te sorg nie. Die taak van die Noodhulpfonds is nog nie iets van die verlede nie. Die getalle van geïnterneerdes het verminder, maar die getalle families wat ly het vermeerder. Ons weet die Ossewabrandwag sal getrou bly tot die einde.

Een vir almal— Almal vir elkeen.

Sonnige tabakblare rus in geurige ou wynvate. Onverstoord word hul ryper en ryper totdat u die volmaak geurige beleë kwaliteit van drosdy-tabak kry.



drosdy die 'rypste tabak bekend.

drosdy -TABAK IS IN OU WYNVATE BELEË

DIE O.B., WOENSDAG, 9 FEB. 1944.

# Bestaansveiligheid

Die oneindige lang asems van parlementslede en die volkome nutteloosheid van die gedurige gepratery in die parlementshuise is by die volk alreeds so goed bekend, en het die volk alreeds so sat gemaak, en arm gemaak, dat hulle spottend en met meer as 'n greintjie venyn na die parlement verwys as die Praathuis en na die beroepspolitici as die hoogsbetaalde babbelaars in die land.

Niemand neem deesdae nog die parlement ernstig op nie. Vir die meeste mense is die parlement 'n gerieflike instelling, wat aan diegene wat oulik genoeg was om lede daarvan te word, 'n lekker vet salaris besorg om 'n **soft job** te verrig. Mens moet die parlement ook nie te ernstig opneem nie. Die parlement is immers 'n skadelike speelding wat aan die volk gegee is om hom stil te hou.

Somtyds gaan dit in die parlement darem regtig erger as kopaf en dan word redelike mense genoodsaak om halt te roep. Die lawaai oor bestaansveiligheid het nou so verwarrend geword, dat die gewone man 'n bietjie helderheid daaromtrent sal verwelkom. Alhoewel ons reeds in 'n vorige uitgawe hierdie saak behandel het wil ons dit weer doen.

Hierdie oorlog is besig om ekonomiese toestande te skep, wat by die staking van vyandelikhede alleen armoede, werkloosheid en ellende vir die volk van Suid-Afrika tot gevolg kan hê. En daarom is die kwessie van bestaansveiligheid vandag een van die allerbelangrikste en vernaamste probleme wat die volk moet oplos en vroegtydig moet oplos.

En omdat die kapitalistiese stelsel geen probleem, wat werklik volksprobleem is, kan oplos nie, word ons tans weer vergas op die onaardige skouspel van demokratiese kleitrappery.

### DIE REGERING SE VLUG

Die storie het eintlik begin toe die Regering, om darem sy beloftes na iets te laat lyk, 'n Kommissie aangestel het om verslag uit te bring oor die moontlikhede van bestaansbeveiliging. Hierdie Kommissie het sy verslag uitgebring, die Ekonomiese Planneraad het sy kommentaar oor hierdie rapport opgestel, en die rapport met kommentaar en al is in die vorm van 'n Wit Papier aan die Parlement voorgelê.

Waar die regering van die grondstelling uitgaan dat die huidige sosiale, politieke en ekonomiese stelsel onveranderd moet voortduur, is dit natuurlik vir hom onmoontlik om iets prakties te doen vir die bestaansbeveiliging van die gewone man, omdat onder die huidige stelsel niks gedoen kan word nie. Daarom moes hy 'n uitweg soek. Sy dagblaaie en sy praters het dus verduidelik dat bestaansbeveiliging te duur is om prakties uit te voer. Met lang gesigte is daarop gewys dat 'n man met 'n inkomste van £300 tog nie £60, of iemand met £700 tog nie £182, of selfs iemand met £2,500 tog nie £1,025 kan afgee aan belasting om te betaal vir bestaansbeveiliging nie. Dit sou tog die doel van bestaansveiligheid verydel. Iemand het dus gerieflikerwyse voorgestel dat die hele saak na 'n Kommissie van Ondersoek verwys word.

Die regering het dus 'n pragtige gebaar gemaak. Hy het hom bereid getoon om die hele kwessie van bestaansveiligheid te laat **ondersoek** en te **bespreek**. Maar noudat iets prakties aan die saak gedoen moet word, is die regering besig om dit op die lange baan te skuif.

### DIE OPPOSISIE SE BLUF

Die Opposisie het 'n baie makliker taak as die Regering. Hulle kan enigiets in die Parlement voorstel sonder die minste gevaar to loop om geroep te word om dit uit te voer, — want hulle is mos die Opposisie. Die Burger skryf dan ook dat die syfers wat aangegee word in die Wit Papier, en wat, volgens die Regering, bewys dat bestaansbeveiliging te duur is om prakties uit te voer, ,,nie die onmoontlikheid van 'n redelike skema van bestaansbeveiliging bewys nie. Wat bewys word is dat die Regering soos gewoonlik die saak verbrou en dat dit weer die Opposisie is wat die saak juis ingesien het''. Nou ja, hier het 'n mens dit nou. Wat die Regering nie kan doen nie, kan die Opposisie somaar maklik doen. Die Opposisie het dit egter gerieflik gevind om geen syfers te noem om aan te dui wat hulle skema vir bestaansveiligheid die volk sal kos nie. Dit sou trouens slegte politiek wees om te vroeg alreeds die onuitvoerbaarheid van hulle planne te openbaar. Dis baie beter om op utopiese ekonomiese programme te konsentreer en vaagweg te bedui oor die ,,wysiging'' en die ,,hervorming'' van die huidige sosiale en ekonomiese stelsel. Dit is die stelling wat die Opposisie oor bestaansbeveiliging ingeneem het.

### DIE VOLK OM DIE TUIN GELEI

Maar vir die volk is die saak nog lank nie afgehandel nie. Vir die volk lê die na-oorlogse ellende nog voor. En 'n mens vind gedoriewaar dat die beroepspolitici besig is om die volk se kanse op na-oorlogse uitredding te verdobbel op 'n sinnelose politieke spel, wat deur Regering en Opposisie gespeel word. Nee a, wat te erg is, is eenmaal te erg. Wat hierdie mense, wat die kapitalistiese stelsel, hervormd of onhervormd wil behou nie wil insien nie, is dat 'n volk **nie** in terme van geld vir sy bestaansveiligheid kan betaal nie — hy kan dit alleen doen in terme van arbeid.

Die feite is dat solank die Liberaal-Demokratiese staat, met die partypolitiek en parlementarisme sowel as die winsmotief en kapitalisme inbegrepe, behoue bly, solank bestaan daar nie die minste kans dat die bestaan van elke volkslid beveilig kan word nie. Die huidige kapitalistiese stelsel moet nie ,,hervorm'' of ,,gewysig'' word nie — dit moet vernietig word. Die toenemende nood van die tye vereis nie 'n verandering van Regering nie, maar dit dwing tot rewolusie. Dit is die feite wat in die oë gesien moet word.

### DIE O.B.-ARBEIDSLAER

Met die oog op hierdie nood waarin die volk verkeer, het die Ossewabrandwag sy koers ingerig. Die Ossewabrandwag glo dat hy bestem is om die werktuig van die Rewolusie van die Twintigste Eeu in Suid-Afrika te wees. Die Ossewabrandwag glo dat dit sy taak is om die kapitalistiese stelsel in Suid-Afrika met wortel en tak uit te roei, nie te ,,hervorm'' nie, en om 'n gesonde volks-eie sosialistiese stelsel in die plek daarvan op te rig.

As ons volk werklik sy bestaan beveilig wil hê, is hy genoodsaak om die grondslae van sy gemeenskapslewe te verander. Dan moet hy die individualistiese lewensbeskouing prysgee en bereid wees om die wagterskap oor sy medevolksgenoot te aanvaar. Dan moet hy die kapitalistiese gedagte aan wins laat vaar en moet hy die sosialistiese diensmotief sy eie maak. Geld moet dan nie meer die bepalende faktor in die gemeenskapslewe wees nie, maar wel arbeid.

Met die oprigting van die O.B.-Arbeidslaer kan die Volksbeweging die groots-moontlike bydrae tot die beveiliging van die volk se bestaan, na die oorlog lewer. Die Arbeidslaer gaan van die standpunt uit dat elke volkslid wat tot werkverrigting in staat is, daartoe 'n kans moet kry. Hiertoe sal alle bronne van die staat ingespan word. Solank as die Volkstaat die waarde van arbeid en diens as die eerste sosiale en ekonomiese plig en reg van die volkslid waarborg, warborg hy as vanself ook bestaansveiligheid. Onder hierdie stelsel is die sg. ,,social security'' dus oorbodig, behalwe insoverre dit individuele rampe, soos siekte, of skielike dood, waarborg.

Laat ons dit nadruklik herhaal aan alle goeie en idealistiese mense wat vir bestaansveiligheid onder die huidige stelsel agiteer: Bestaansveiligheid vir elke lid van die volk kan alleen verseker word deur 'n Gesagstaat, wat nasionaal sowel as sosiaal van aard is.

**VERLOWINGS, HUWELIKE, GEBOORTES, ens.—kondig dit aan in DIE O.B.**

# *Min of Meer Belangrik*

## *Suutjies Nou!*

Veldm. Smuts het in die parlement verklaar dat Rusland vandag 'n geweldige mag is. ,,Rusland is vandag die magtigste land ter wêreld'', het hy gesê. ,,Wanneer jy teenoor so 'n mag staan is jy versigtig. Dan gaan jy nie onnodig vyande maak nie. Mens kan maklik jou kop stamp. Rusland is op tog''. Dis 'n gevaarlike mentaliteit wat hier deur die regeringshoof openbaar word. Dis vrees wat hier spreek. En vrees en staatsmanwysheid gaan nie saam nie. Veldm. Smuts het al baie dom dinge in sy tyd gedoen en ook baie volkskadelike dinge. Dit was in die dae toe hy nog Slim Jannie geheet het. Maar as hy nou Bang Jannie geword het, sidder 'n mens by die gedagte aan die vreeslike onheile en rampe wat hy nog oor die volk van Suid-Afrika kan bring. Wêreldoorheersing deur die kommunisme sal nie deur vrees en toegewings afgewend word nie.

• • •

## *Tronke se Deure Oopgemaak*


Voorverlede Woensdagoggend is die deure van die tronke in ons land oopgegooi. Meer as 20,000 veroordeeldes, wat besig was om 'n vonnis van drie maande of minder uit te dien, het uitgestap. Na verneem word het nie meer as ongeveer 5,000 agtergebly nie. Waarom hierdie amnestie verleen is weet niemand nie. Al wat bekend is, is dat misdaad, in die jongste tye, in ons land 'n ongekende omvang aangeneem het; dat die polisiemag ontoereikend is om die golf te keer; en dat die regering nou weer 20,000 misdadigers losgelaat het. Voorverl. Dinsdag is 'n naturelle-soldaat tot drie maande tronkstraf veroordeel omdat hy sy arms om 'n blanke vrou geslaan het op die Kaapstadse spoorwegstasie. Woensdagmôre is die amnestie verleen. Moet 'n mens nou aanneem dat hierdie naturelle-soldaat ook losgelaat is, nadat hy slegs een nag in die tronk vertoef het?

Sou hierdie amnestie-verlening dalk 'n toegewing wees aan die kommunistiese opruiers in ons land, hulle wat die vriende is van Stalin, die bondgenoot van veldm. Smuts?

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

**TABBERDS!**
**GEBLOMDE KATOEN**
**Pragtige Modelle en Kleure**
by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMESMODISTE

**W. VOIGT (Eiens.) Ppk.**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

Waarde vir geld
Kommando

-sigarette

**DIE O.B. IS 'N MAGTIGE ADVERTENSIEMEDIUM**

**£100,000** in aandele is sedert Maart laaslede deur lede van die publiek onderskryf in Excelsior Meubels Beperk. Die jongste finansiële state weerspieël groot winste oor die afgelope boekjaar en 'n diwidend van 8% word weer verklaar op inbetaalde kapitaal.
U soek na 'n suksesvolle saak om u geld in te belê en hier is u kans! Besoek ons organisasiekantore waar u kan verneem van die groot omset en uitbreidingsmoontlikhede van ons sewe takwinkels en twee fabrieke of vra om inligting op die vorm hieronder.*
Organisasiekantore:— Johannesburg: Spoorbondkasgebou, de Villiersstraat. Kaapstad: Kamer 614, Groote Kerkgebou. Bloemfontein: St. Andrewstraat 123. Port Elizabeth: Kamer 617, Colonial Mutualgebou.

EXCELSIOR MEUBELS BPK.

* Die Sekretaris, Excelsior Meubels Bpk., Posbus 6670, JOHANNESBURG.

Stuur asse...of besonderhede van u aandele aan:—

M. ..............................................................

..............................................................

(O.B., 9 Feb. 1944) ..............................................................

Ons sukses is u voorspoed

# VRYHEIDSDAG

**Hierdie stuk kan voorgedra word in plaas van die Amajuba-kantate (sien amptelike program vir Vryheidsdag in Die O.B. van 19 Januarie 1944).**

Ons staan vandag by nog 'n Vryheidsdag, 'n dag van herdenking van wat verby is, 'n dag van vooruitsien na wat kom. Vir die toekoms wil ons leer uit die verlede, uit sy vreugde en sy leed, sy roem en sy smaad, sy oorwinning en sy neerlaag. As die volksbeweging van die voorttrekkende Afrikanerdom is dit ons plig om die kwade wat geskied het te vermy en die grootse en voortreflike nie alleen te ewenaar nie, maar te oortref — want ons glo dat die Ossewabrandwag gekom het om nuwe louere te voeg by dié wat reeds verwerf is in ons verlede.

Reeds is die grondslae vir ons voortbewegende volk gelê, 'n magtige eedgenootskap is binne die Ossewabrandwag saamgeskakel en het staande gebly tenspyte van vyande en sogenaamde vriende. Die triomf van hierdie jongste eedgenootskap van die Afrikanerdom sal nie die eerste wees wat behaal word onder die seënende beskerming van 'n Gelofte nie, soos die talle gevalle van gewetenlose Eedverbreking teenoor dié volkslaer binne die Ossewabrandwag ook nie die eerste is wat die heiligheid van die Gelofte in die geskiedenis van ons volk misken het nie, nie die eerste wat geloftes vergete laat lê het nie, met net miskien die koue klip van 'n monument om daaraan te herinner, en aan te kla.

## BLOEDRIVIER

Vóór dié gedenkwaardige 16e Desember toe die vlugtende barbaredom moes wyk vir die Boer se beskawing, is ook 'n Gelofte gedoen jeëns die Almagtige om Sy hulp te herdenk tot in lengte van dae, as Hy dit wil dat Sy kinders seëvier. Hoeveel herdenk nog daardie sege, doen daardie Gelofte gestand, in die gees van die voorvaders wat dit afgelê het? Ons laat die antwoord oor aan die gewete van elke volksgenoot.

## PAARDEKRAAL

Weer 'n keer, op 13 Desember 1880 te Paardekraal het die volk gemobiliseerd in kommando's wat 'n 10,000 man getel het, laer getrek en besluit om die geveg tot die dood-toe voort te sit vir die vryheid van die Vaderland. Merkwaardig soos ons Ossewabrandwag-gelofte was die eed van trou wat die versamelde volksgenote die een teenoor die ander gesweer het. In die woord van een van ons hoogste offisiere, ons Adjunk-Kommandant-Generaal:—

„Elkeen van die aanwesiges wat trou gebly het aan die ideale van die volk, almal wat hulle gekant teen die Britse Regeringstelsel en die Britse demokrasie verklaar het, almal wat trou gebly het aan Afrikaner-nasionalisme en die Christelik-sosiale lewensbeskouing van die Voortrekker, het mekaar die hand gegee en trou tot die dood mekaar gesweer.

„Afrikanerharte en -hande het in mekaar tot 'n eenheid gesmelt in 'n eed voor die Almagtige net soos u in die laer van die Ossewabrandwag: 'Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm. Ek sal hom nooit in die stryd verlaat, of aan die vreemdeling of vyand uitlewer nie... Mag God my hierin getrou maak en krag gee.'

„Die eed van Paardekraal is gestand gedoen en daarvan was die klipstapeling die getuienis — totdat die vyand met sy tweede aanval, twintig jaar later, daardie klippe met die hulp van Afrikaners, eedbrekers, die klipstapeling afgebreek en die stene van getuienis van 'n Afrikaner-eed weggevoer het. En daarmee, die volksvryheid."

## MONUMENTKOPPIE

Ons laat agter ons hierdie indrukwekkende toneel van 'n Gelofte gedaan, 'n beloning ontvang, 'n oorwinning behaal, om vandag nog te herdenk en te vier; ons beweeg voort na 'n ander oomblik waar Afrikanerharte in groter getalle as ooit tevore in ademlose stilte 'n Gelofte gesweer het — die Monument van 'n Voortrekkerverlede, trots en beskermend bo die geboë hoofde, die leiers van die volk met hul hande en hul harte verenig voor 'n verenigde Afrikanerdom. Dit was oomblikke van ryk beloftes vir die toekoms, van verpligtinge plegtig aanvaar, van getuienisse openlik voor God en mens bely. Die volk sou een wees in stryd en in oorwinning, een in koers, een in toewyding aan sy hoogste ideale, een in liefde vir die Vaderland. 'n Skrede verder . . . en die Gelofte van Monumentkoppie het 'n bespotting geword vir die vyand, 'n beskaming vir die vriend. Broeder hande wat mekaar sou skraag, het die wapen opgeneem, die een teen die ander, geloof in één saak het plek gemaak vir bitter wantroue teenoor mekaar, die stryd teen die vyand het verdwyn en is vervang deur venyn teenoor die vermeende mededinger, uit eie vriendekring. Waar oorwinning kon wees was 'n magtelose en doellose wanorde en dolende verdwaaldes het die pad gesoek waar die kolonnes moes marsjeer.

## ONS VOLKSBEWEGING, DIE OSSEWABRANDWAG

Maar 'n ander en 'n hegter band was besig om gesmee te word. Die republikeinse leër van die Afrikanerdom saamgedrom om die adelaar en die wiel van die Ossewabrandwag. Van kus tot kus, van Kaapstad oor Suidelike Afrika en verder is nogmaals 'n volkslaer van eedgenote gevorm.

Met 'n stygende geesdrif wat honderdduisendtalle laat saamstroom het, met ons Kommandant-Generaal, 'n jong vérsienende leier, man van ysterwil, gesag en hoogste eer en sy alomgeagte regterhand, het die Ossewabrandwag geword die vuis van die volk in wie se diens hy staan. Dis die reuse van die bos wat die blitse uittart en aanlok — en die storm het losgebars om die jong gestalte van die Ossewabrandwag. Die aloue vyande van die volk het aangeval en aan hul sy, gewaande vriende; die magte van 'n Empire met sy kampe en geldmag, en van 'n verraaier met sy dolksteek in die rug. In die stryd het die swakkes ons verlaat, maar die sterkes het groter sterkte gevind in die tronke en in die kampe, in die hitte van die stryd. Hul bede was:

„O God, ons bid u, gee ons krag
die moed om aan te hou, die mag
onsself te handhaaf in die stryd.
Skenk ons wysheid Heer en trou,
mekaar te help 'n volk te bou."

Trou inderdaad aan hul eer, trou aan mekaar en hul God, Volk en Vaderland, staan hierdie gekeurdes binne 'n steeds sterker lewende Ossewabrandwag. Sy baniere oorskadu reeds beskermend en besielend dié wat moeg is vir 'n doodse oue, dié wat geloof het in 'n trotse nuwe wêreld.

Ons, die gelowiges, wat vandag feesvier en ons opnuut wy aan die uitvoering van ons O.B.-gelofte en die Vryheids-gelofte wat ons almal, „gesamentlik en afsonderlik" op hierdie dag afgelê het, om die stryd voort te sit met „toewyding, desnoods met lyding", óns wil vandag in stilte ons helde gedenk —

„Ons wat die daeraad sal sien, vergeet nie dié wat in die nag geval het. Ons wat die poort sal deurgaan, gedenk dié wat langs die pad beswyk het . . . "

Uit die stilte van ons oordenking kom die spoorslag tot die daad.

Gedagtig aan ons Geloftes en gedagtig aan ons helde gaan ons onkeerbaar voort met 'n wil versterk deur dié wat vóórgeveg het, met 'n onwankelbare geloof in die reg van ons saak en in die sekerheid van ons volk se roeping en bestemming. So seker as die Kaap van Storms geword het simbool van Goeie Hoop, netso seker sal die vlae van die Ossewabrandwag wat vandag oproep tot die stryd, meebring wense wat vervul is en ideale wat bereik is in 'n segeryke volbrenging van ons taak.

„Waar is die vegters en hul vroue trou,
Waar die volk, ons roem, ons krag?
Die uur om voort te gaan is nou,
Ons kan en sal oorwin . . . . "


**GILFILLAN en STROH**
Die 100% Afrikaanse Fietshandel.
Ons spesialiseer in fietsreparasies; Koop en verkoop van gebruikte fietse; Handel met nuwe fietse en fietsonderdele.
Ons waarborg alle werk.
KERKSTRAAT 57B - - POTCHEFSTROOM.

**PLUIMVEE**
Die beste firma in
JOHANNESBURG
om u PLUIMVEE, EIERS, en ander produkte aan te stuur is:
C. M. ELOFF en Kie, (Edms.) BEPERK,
Posbus 7185
MOREMARK, NEWTOWN

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

**Die Beste onder die Jongste**

| | Posvry |
|---|---|
| LEWENSGESKIEDENIS VAN GEN. J. B. M. HERTZOG, *C. M. v. d. Heever* | 24/- |
| DIE SKENDER, *Johann van der Post* | 8/- |
| WOLKE OOR DIE STAD, *Mynhardt Fourie* | 4/10 |
| FONTEINTJIE EK SAL NOOIT, *D. Mostert* | 3/9 |
| DIE VERLORE LAND, *A Roodt* | 3/9 |
| NIE VIR RYKDOM, *T. C. Pienaar* | 9/9 |
| AMPIE DIE KIND, *J. van Bruggen* | 11/4 |
| VLAM VAN DIE SUURVELD, *D. F. Malherbe* | 7/6 |
| BOERSEUN, *Mikro* | 7/- |
| 'N HUIS VERDEELD, *Marie Linde* | 8/- |
| ONDER BEVOORREGTE MENSE, *Marie Linde* (Herdruk) | 8/- |
| RIEMLANDSE NOOIENTJIE, *S. Steyn* | 9/9 |
| DIE GROOT VRAAG, *T. C. Pienaar* | 5/10 |
| DIE PAD VERDER, *Elise Muller* | 5/10 |
| NUWE GEBOOIE, *A. L. Conradie* | 9/- |
| DELLA SE VUURPROEF, *M. Boyce* | 7/- |
| PORSELEINTJIE, *Regina Neser* | 5/10 |
| DIE TRIOMF VAN AFRIKAANS, *E. C. Pienaar* | 11/4 |
| DIE MEUL DREUN EN ANDER TONEELWERKE, *D. F. Malherbe* | 11/4 |
| VERSKUIFDE BAKENS, *Paula* | 6/3 |
| KRANSKOP, DEEL I — OUPA, *J. van Bruggen* | 7/6 |
| MOLOISI DIE WYSE, *G. Franz* | 5/9 |
| AAN JANNIE, *Hobsons* | 6/6 |
| DIE REENBOOG IS MY MANTEL, *J. de Beer* | 6/- |
| DRIE STRAATSANGERS IN DIE KONGO, *J. J. Groeneweg* | 7/- |
| VUURPYLE, *F. Postma* | 7/6 |
| DIE WITBANDE KOM, *A. Enslin* | 7/- |
| JAGKONINGS, *J. von Moltke* | 8/- |
| MAASDORP SE DRIE MUSKETIERS, *S. Blakemore* | 7/6 |
| WATERS WAT VERBY IS, *J. J. Brits* | 5/10 |
| EN EK IS NOG HY, *J. van Melle* | 5/6 |
| BLOMDOORNS, *A. du Biel* | 6/9 |
| DIE HELDIN VAN KLIPSPRUIT, *G. S. Nienaber* | 5/6 |
| LIEFDESLOUTERING, *B. Pienaar* | 5/9 |
| EN NOU HOOR U, *W. A. de Villiers* | 6/4 |
| LANG SKADUWEES, *Lorraine Botha* | 6/4 |
| DIE ROEPSTEM VAN LIBANON, *Annette Mocke* | 6/4 |
| SWERWERSPORE, *D. H. van Zyl* | 6/- |
| DIE WEERWRAAK VAN KARL VOSS, *R. Hendriks* | 5/10 |
| IZINYANGA, *J. M. Friedenthal* | 5/10 |
| DIE VERBODE RYK, *I. D. du Plessis* | 4/7 |
| BEGEESTERING, *J. van Melle* | 5/4 |

*Bestel direk van:*

**AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL,**
**Spoorbondkasgebou, De Villiersstraat 15,**
**JOHANNESBURG.**

Telefoon 33-6797. Bus 845.

